NG Gemeente Vaalpark
Vakature: Medeleraar: Opdrag Jeugwerk

Met biddende afhanklikheid maak die kerkraad van die NG Gemeente Vaalpark ‘n vakature vir ’n medeleraar (Jeug) in ’n span van drie leraars, bekend. Alle gelegitimeerde leraars (maksimum vyf jaar bedieningservaring) en proponente word uitgenooi om vir dié pos aansoek te doen.

Gemeenteprofiel: Vaalpark is ’n voorstedelike gemeente in die Vaalrivier Ring, Sasolburg. Die gemeente bestaan uit 2 000 lede, wat doop- en belydende lidmate insluit. Verskeie laer- en hoërskole in ’n radius van 10 km is deel van die predikant se bedieningsveld. Ons uitgangspunt is dat die gemeente God se arbeidsmag is en nie ’n arbeidsveld is nie. Ons is ’n gemeente vir ons breër gemeenskap en is ’n kerk waar almal welkom is en tuis sal voel.

Leraarprofiel: Moet ’n passie vir die jeug hê en moet in ’n spanverband kan saamwerk.

Pligte:

- Die suksesvolle applikant se bediening sal fokus op kinders, tieners en jongmense.
- Hy/sy sal ook verantwoordelikheid neem vir die koördinering van die musiekbediening wat fokus op die jeug.

Vergoeding en voordele:

- Onderhandelbaar volgens sinodale skale (kerf 1 - 5)
- Reistoelaag
- Behuising

Aansoek: ‘n Aansoek moet bestaan uit ’n CV met twee referente (waarvan een persoon in huidige gemeente moet wees) - stuur dit aan **ngvaalpark@mweb.co.za**

Dienstermyn: Twee jaar-termynkontrak met die oog op ’n permanente aanstelling.

Sluitingsdatum: Donderdag 31 Januarie 2019, met diensaanvaarding vanaf 1 April 2019

Navrae:

- Dr Deon Serfontein - 083 288 7555
- Ds Danie Pretorius - 072 5801 866

Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.